

VERBORGE MANNA



Openbaring 2:17: "Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek van die verborge manna gee."

Die gemeente van Pergamum het in die tyd toe Christus hierdie brief aan hulle geskryf het, baie swaar gekry. Van buite af is hulle vervolgd ter wille van hulle geloof en een van die lidmate, Antipas, moes met sy lewe daarvoor betaal. Van binne af, vanuit eie geledere, is die lewe vir hulle bemoeilik omdat daar mense was wat 'n valse leer verkondig het wat onsedelikheid tot gevolg gehad het.

Onder hierdie omstandighede bemoedig Christus die gelowiges daar deur aan die wat oorwin verborge manna te beloop.

Met "elkeen wat die oorwinning behaal" bedoel Christus nie net die wat moet ly en sterf ter wille van hulle geloof nie, maar almal wat deel het aan sy oorwinning oor die sonde en die dood en daarom alle vorms van sonde vermy en daarvan wegvlug.

Aan hulle beloop Christus verborge manna. Tydens Israel se reis deur die woestyn het die

Here hulle deur 'n goddelike wonder versorg met sigbare manna wat hulle moes versamel, voorberei en eet. So het God hulle aan die lewe gehou in 'n gebied waar hulle andersins van honger sou gesterf het. Maar nou sê die Here dat Hy aan die gelowiges in Pergamum verborge manna sal gee. Daarmee sê Hy dat Hy hulle in hulle beproewings liggaamlik en geestelik sal versterk op 'n wonderdadige wyse wat nie met die oog van 'n mens gesien kan word nie. Deur sy Heilige Gees versterk Hy hulle sodat hulle in die beproewing nie swig of beswyk nie maar volhard in die geloof.

So versterk die Here sy kinders vandag ook nog, veral in tye van nood. Soms beland ons ook in krisisse en beproewings wat so erg is dat dit ons wil oorweldig. Tog kom ons daardeur omdat die Here ook dan aan ons van sy verborge manne gee en ons met nuwe krag versterk.



Publikasie
Publication



Nr./No.: H49